Hoërskool Swartland

Hoërskool Swartland Beheerliggaam Gesonde omgewingsbeleid

Opgestel deur Beheerliggaam

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 01/02/2019

GESONDE OMGEWINGSBELEID

DOEL:

Die doel van die beleid is om personeel en leerders by die skool bewus te maak van die volgende:

1. Die gevare van rommelstrooi en wat gedoen kan word om dit te verhoed.
2. Die implimentering van maatreëls om water te bespaar.
3. Maatreëls wat ingestel moet word om elektrisiteit te bespaar.
4. Respek vir ons geboue en wat gedoen moet word om gebreke te voorkom.
5. Die plant van inheemse bome.

1. DIE GEVARE VAN ROMMELSTROOI EN WAT GEDOEN KAN WORD OM DIT TE VERHOED:

1.1 Daar moet in die Sosiale Wetenskap- en Lewenswetenskapklasse die gevare wat besoedeling vir die ekosisteem inhou aan die leerders verduidelik word.
1.2 Leerders wat gevang word dat hulle rommel strooi, moet tot verantwoording geroep word en kan selfs op detensie geplaas word.
1.3 Herwinning moet alreeds in die klasse gedoen word, verskillende houers vir herwinbare produkte sal die taak van die persone wat die afval kom afhaal, vergemaklik.
1.4 Tegnologieklasse moet afvalmateriale gebruik om projekte te doen.
1.5 Meer vullisdromme moet op strategiese plekke geplaas word.

2. MAATREËLS OM WATER TE BESPAAR:

2.1 Leerders moet bewus gemaak word van die skaarste van water. Die Sosiale Wetenskap, Lewenswetenskap en Lewensoriënteringonderwysers moet die leerders laat dink aan praktiese oplossings vir hierdie probleem.
2.2 Fondsinsamelings moet aangemoedig word om watertenks vir die skool aan te koop sodat reënwater opgevang kan word. Elke graad moet aangemoedig word om ten minste een tenk te koop.
2.3 Leerders wat lekkende krane en toilette aanmeld moet 'n koeldrank of een of ander beloning van die skoolhoof ontvang.

3. MAATREËLS OM ELEKTRISITEIT TE BESPAAR:

3.1 Die Natuurwetenskapklasse moet op die noodsaaklikheid van volhoubare kragvoorsiening fokus en aandag skenk aan oplossings vir "load shedding."
3.2 Deelname aan kompetisies wat met Ingenieursgrafika te doen het moet sterk aangemoedig word.
3.3 Werkopdragte moet gedoen word om alternatiewe bronne van energieverskaffing te ondersoek.

4. RESPEK VIR ONS GEBOUE EN WAT GEDOEN MOET WORD OM GEBREKE TE VOORKOM:

4.1 Die geskiedenis van die skoolgebou moet tydens die oriënteringsweek van die graad 8-leerders behandel word om sodoende 'n trots en respek vir ons geboue te ontwikkel.

4.2 Elke klas moet 'n sekere deel van die skool as sy area van verantwoordelikheid ontvang en hulle moet toesien dat klein gebreke onmiddellik aangemeld word en dat dit netjies gehou word.

5. DIE PLANT VAN INHEEMSE BOME:

5.1 Elke graad 12-klas moet tydens hulle laaste dag by die skool 'n inheemse boom plant om hulle groep se nalatenskap by die skool te verewig.

Beleidswysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 1e DAG

VAN Februarie 2019.

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof